**SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, WET 84 VAN 1996**

**REGULASIES VIR VEILIGHEIDSMAATREËLS BY OPENBARE SKOLE**

**soos uitgevaardig deur**

**Goewermentskennisgewing 1040 (Staatskoerant 22754) van 12 Oktober 2001**

**soos gewysig deur**

**Goewermentskennisgewing 1128 (Staatskoerant 29376) van 10 Novemer 2006**

(wysigings in kursief)

Ná oorleg met die Raad van Onderwysministers gee die Minister van Onderwys hiermee ingevolge artikel 61 van die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 kennis van die regulasies met betrekking tot veiligheidsmaatreëls by openbare skole, soos dit in die bylae verskyn.

Professor Kader Asmal LP
Minister van Onderwys

**BYLAE**

**1. Omskrywings**

Enige woord of uitdrukking waaraan ŉ betekenis in die Wet toegeken is, sal in hierdie Regulasies ook daardie betekenis hê, tensy die samehang anders aandui:

"Departementshoof" beteken die hoof van die onderwysdepartement in ŉ provinsie.

"Gevaarlike voorwerp" beteken:

(a) enige plofbare materiaal of toestel;

(b) enige vuur- of gaswapen;



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

(c) enige artikel, voorwerp of instrument wat gebruik kan word om ŉ persoon fisies te beseer, tydelik verlam of bewusteloos te laat, of eiendomskade te berokken; of

(d) enige voorwerp wat die Minister per kennisgewing in die Staatskoerant vir die doeleindes van hierdie regulasies as ŉ gevaarlike voorwerp kan verklaar;

tensy sodanige voorwerp vir opvoedkundige doeleindes gebruik word.

"Onwettige middel" beteken enige onwettige bedwelmende of verdowende stof.

"Openbare-skoolperseel" sluit ŉ gebou, struktuur, saal, lokaal, kantoor, gerief, grond en omheinde gebied in wat onder die beheer van ŉ openbare skool is en waartoe ŉ lid van die publiek toegangsreg het, gewoonlik toegelaat word of toegelaat kan word.

*"Skoolaktiwiteit" beteken enige opvoedkundige, kulturele, sport- of sosiale aktiwiteit van die skool op of weg van die perseel.*

*"Toesig" beteken die bestuur en beheer van leerders by die skool of gedurende skoolaktiwiteite.*

**2. Toepassingsbestek**

Hierdie regulasies geld vir alle openbare skole.

**3. Toepassing van ander wette**

Ondanks die bepalings van hierdie regulasies, is ŉ openbare skool nie vrygestel van voldoening aan die bepalings van enige ander toepaslike wet nie, en is hierdie regulasies veronderstel om sodanige toepaslike wette te ondersteun.

**4. Geweld- en dwelmvrye openbare skole**



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

(1) Alle openbare skole word hiermee tot dwelmvrye en gevaarlike-voorwerpvrye sones verklaar.

(2) Geen persoon mag:

(a) enige gevaarlike voorwerp op die openbare-skoolperseel toelaat nie;

(b) enige gevaarlike voorwerp op die openbare-skoolperseel bring/hê nie;

(c) enige gevaarlike voorwerp op die openbare-skoolperseel berg nie, buiten op amptelik aangewese plekke wat die skoolhoof bepaal;

(d) onwettige middels op openbare-skoolpersele bring/hê nie;

(e) openbare-skoolpersele onder die invloed van onwettige middels of alkohol betree nie;

(f) enige vorm van geweld of ontwrigting veroorsaak wat ʼn negatiewe uitwerking op enige openbare-skoolaktiwiteite kan hê nie;

(g) willens en wetens die besit van gevaarlike voorwerpe goedkeur, toelaat, wegsteek, steun of aanmoedig, of nalaat, versuim of weier om die waarneming of teenwoordigheid van enige gevaarlike voorwerpe so gou moontlik by die departementele owerhede of die polisie aan te meld nie; en

(h) direkte óf indirekte skade veroorsaak vir enigeen wat ʼn ander persoon aan die kaak stel wat die voorkoming van gevaarlike voorwerpe en aktiwiteite probeer fnuik nie.

(3) ʼn Polisiebeampte of, in sy/haar afwesigheid, die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde kan sonder ʼn lasbrief:

(a) enige openbare-skoolperseel deursoek indien hy/sy ʼn redelike vermoede het dat ʼn gevaarlike voorwerp of onwettige middels in stryd met die regulasies op die openbareskoolperseel aanwesig is;

(b) enige persoon op die openbare-skoolperseel deursoek; en


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

(c) beslag lê op enige gevaarlike voorwerp of onwettige middel wat in stryd met die regulasies op die openbare-skoolperseel of op ŉ persoon is.

*(4) Geen opvoeder, ouer, leerder of enige ander persoon mag:*

*(a) alkohol;*

*(b) onwettige middels;*

*(c) enige onwettige stof; of*

*(d) gevaarlike voorwerpe;*

*gedurende enige skoolaktiwiteit in sy/haar besit hê of gebruik nie*.

**5. Toegang tot openbare-skoolpersele**

(1) Onderworpe aan die Grondwet, ander wetgewing en nasionale en provinsiale beleid kan die Departementshoof of hoof van enige openbare skool vir sodanige tydraamwerk as wat nodig kan wees:

(a) sodanige stappe doen as wat hy/sy nodig ag vir die beskerming van die openbare-skoolperseel sowel as vir die beskerming van die mense daarop; en

(b) opdrag gee dat die skool slegs ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (2) betree word.

(2) Geen persoon sal sonder die toestemming van die hoof of Departementshoof enige openbare-skoolperseel betree met betrekking waartoe ŉ direktief ingevolge subregulasie 1(a) uitgereik is nie, en vir die doeleinde van daardie toestemming kan die hoof of Departementshoof van die betrokke persoon vereis:

(a) om sy/haar naam, adres en enige ander tersaaklike inligting te verstrek wat die hoof of Departementshoof kan nodig kry;

(b) om bewys van sy/haar identiteit te lewer tot bevrediging van die hoof of Departementshoof, indien nodig;

(c) om te verklaar of hy/sy enige gevaarlike voorwerp of onwettige middel in sy/haar besit, sorg of onder sy/haar beheer het;



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

(d) om te verklaar wat die inhoud is van enige voertuig, tas, aktetas, sak, handsak, lêer, koevert, pakkie of houer van enige aard hoegenaamd wat hy/sy in sy/haar besit, sorg of onder sy/haar beheer het, en om daardie inhoud aan hom/haar te toon;

(e) om hom-/haarself en enigiets in sy/haar besit, sorg of onder sy/haar beheer te onderwerp aan ŉ deursoeking deur ŉ persoon van dieselfde geslag of ŉ ondersoek deur ŉ elektroniese toestel, snuffelhonde of enige ander apparaat ten einde te bepaal of daar enige gevaarlike voorwerp of onwettige middel teenwoordig is; en

(f) om enigiets in sy/haar besit, sorg of onder sy/haar beheer vir ondersoek of bewaring aan die hoof of Departementshoof te oorhandig totdat hy/sy die perseel verlaat.

(3) Behoudens die bepalings van die Wet op Oortreding (Wet 6 van 1959) kan die skoolhoof of Departementshoof te eniger tyd enige persoon van enige openbare-skoolperseel verwyder indien:

(i) daardie persoon die betrokke openbare-skoolperseel sonder die toestemming wat in subregulasie (2) beoog word, betree;

(ii) daardie persoon weier of versuim om enige stappe wat in subregulasie (1)(a) beoog word, te gehoorsaam;

(iii) die hoof of Departementshoof dit nodig ag vir die beskerming van die betrokke openbare-skoolperseel of die mense daarop.

(4) Indien dit nie prakties haalbaar is om enigiets wat ingevolge subregulasie (2) ondersoek of in bewaring gehou moet word, te ondersoek of in bewaring te hou nie, kan dit vir daardie doeleinde na ŉ geskikte plek verskuif word.

## 6. Vrystelling van sekere persone

Die bepalings van regulasie 5 geld nie vir enige lid van ŉ polisiediens wat deur of ingevolge die wet ingestel is, ŉ lid van die Suid-Afrikaanse Weermag, die Minister van Onderwys, die Lid van die Uitvoerende Raad belas met onderwys in ŉ


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

provinsie, of ŉ amptenaar van die Departement van Onderwys of provinsiale onderwysdepartemente wat in die uitvoering van hul funksies enige openbare-skoolperseel moet betree en wat tot bevrediging van die betrokke skoolhoof of Departementshoof van hul bewys lewer nie.

**7. Besoeke aan openbare skole deur openbare en politieke ampsdraers**

(1) Openbare en politieke ampsdraers, openbare verteenwoordigers en lede van die media is daarop geregtig om openbare skole in die belang van openbare verantwoordbaarheid te besoek, maar hierdie reg moet gereguleer word om te verseker dat skole nie deur sodanige besoeke ontwrig word nie én om te voorkom dat die besoeke verpolitiseer word. Hierdie reg is onderworpe aan redelike kontroles om die behoorlike funksionering van onderwys te verseker.

(2) Indien sodanige besoeke verlang word, moet die persoon wat die besoek beplan vooraf skriftelike toestemming van die skoolhoof of Departementshoof versoek en bekom. Die versoek moet minstens 30 dae voor die beplande besoek gerig word, tensy daar grondige redes vir ŉ korter kennisgewingtydperk bestaan. Hierdie versoek moet die datum, tyd en doel van die besoek, die name van alle deelnemers en die aspekte waarna daar na verwagting gekyk sal word, duidelik uiteensit. Die hoof van die openbare skool sal geen persoon met sodanige skriftelike toestemming redelike toegang weier nie.

(3) In gevalle waar die Departementshoof die skriftelike toestemming verleen, moet die Departementshoof, voordat hy/sy sodanige toestemming toestaan, die hoof van die openbare skool wat besoek sal word, raadpleeg om vas te stel of dit vir die skool haalbaar sal wees om sodanige besoek te ontvang, en of dit nie die skoolprogram ernstig sal raak nie.

(4) ŉ Departementele kantoorgebaseerde verteenwoordiger sal sodanige besoekers sover moontlik vergesel.



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

## 8. Ouerbesoeke aan openbare skole

(1) Ouers is daarop geregtig om die openbare skool te besoek waartoe hul kinders toegelaat is, maar sodanige besoeke mag nie enige van die skoolaktiwiteite ontwrig nie.

(2) Ouers moet ʼn afspraak maak vir ʼn persoonlike ontmoeting met die skoolhoof voor sodanige besoek, en moet die rede vir die besoek en die name van die betrokkenes verstrek.

## *8A Skoolaktiwiteite*

*(1) ʼn Openbare skool moet verseker dat:*

*(a) dit die aansoekvorm wat in bylae 1 by die regulasies beoog word, in tweevoud voltooi indien die skoolaktiwiteit leerdervervoer behels;*

*(b) die aansoek goedgekeur word deur ʼn amptenaar wat die provinsiale onderwysdepartement verteenwoordig, voordat sodanige skoolaktiwiteit onderneem word; en*

*(c) ʼn afskrif van die goedgekeurde aansoekvorm aan die skool oorhandig en die oorspronklike bewaar word deur die amptenaar wat die provinsiale onderwysdepartement verteenwoordig.*

*(2) ʼn Openbare skool moet maatreëls tref om gedurende enige skoolaktiwiteit die veiligheid van leerders te verseker, wat insluit:*

*(a) versekering teen moontlike ongelukke, beserings, algemene mediese uitgawes, hospitalisasie en diefstal, na gelang van die beskikbaarheid van finansiering;*

*(b) die versekering, sover redelik moontlik, dat leerders te alle tye onder die toesig is van ʼn opvoeder wat die leerders vergesel;*

*(c) die versoek van ouers of ander volwassenes om met leerdertoesig te help;*

*(d) die versekering dat die opvoeder-leerder-verhouding minstens:*



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

*(i) een opvoeder, ouer of ander volwassene vir elke 20 leerders sal wees vir laerskole; of*

*(ii) een opvoeder, ouer of ander volwassene vir elke 30 leerders sal wees vir hoërskole; en*

*(e) die versekering dat geslag in die volwassene-leerder-verhouding in ag geneem word.*

*(3) 'n Versekeraar van die skool wat in regulasie 8(A)(2)(a) beoog word, mag nie op artikel 60 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, staatmaak om aanspreeklikheid ingevolge die versekeringspolis vry te spring nie.*

*(4) Indien 'n versekeraar aanspreeklik is ingeval 'n leerder beseer word, moet die skool die ouer bystaan om namens die leerder van daardie versekeraar te eis.*

*(5) Indien die Padongelukkefonds aanspreeklik is ingeval 'n leerder beseer word, moet die skool die ouer bystaan om namens die leerder van die fonds te eis.*

*(6) 'n Openbare skool moet 'n ouer bystaan met enige eis wat ingevolge artikel 60 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, gemaak word.*

*(7) 'n Openbare skool moet maatreëls tref om te verseker dat:*

*(a) indien 'n leerder medisyne gebruik en daardie medisyne in die loop van skoolaktiwiteite sal nodig kry, die ouer toesien dat die leerder genoeg van die medisyne vir die volle duur van die skoolaktiwiteite het;*

*(b) indien 'n leerder 'n doktersvoorskrif vir medisyne moet hê, die ouer die leerder sowel as die toesighoudende opvoeder van gewaarmerkte afskrifte van sodanige voorskrif voorsien;*

*(c) 'n ouer versoek word om die skool skriftelik van 'n leerder se mediese toestand in kennis te stel;*

*(d) die hoof 'n toesighoudende opvoeder voor 'n skoolaktiwiteit van 'n verslag oor die mediese toestand van die leerder voorsien; en*



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

*(e)* *'n ouer van enige reise na of deur 'n hoërisikosiektegebied in die loop van die skoolaktiwiteit in kennis gestel word.*

*(8)* *'n Openbare skool moet maatreëls tref om te verseker dat, indien 'n leerder in die loop van 'n skoolaktiwiteit beseer of siek word en mediese behandeling vereis, die toesighoudende opvoeder:*

*(a)* *met die ouer van die betrokke leerder skakel ten einde toestemming vir sodanige mediese behandeling te bekom; en*

*(b)* *bepaal of hy/sy sodanige mediese behandeling moet toelaat indien hy/sy nie die ouer van die leerder kon opspoor nie.*

***8B Die reël van 'n skoolaktiwiteit***

*(1)* *'n Openbare skool moet die volgende inligting op skrif voorsien aan die ouer van die leerder wat die skoolaktiwiteit sal meemaak:*

*(a)* *Die doel van die skoolaktiwiteit*

*(b)* *Die aard van die aktiwiteite wat gedurende die skoolaktiwiteit onderneem sal word*

*(c)* *Die volledige reisplan van die skoolaktiwiteit, met kontakbesonderhede van die gashere en die toesighoudende opvoeders*

*(d)* *Die aard van vervoer-, verblyf- en spysenieringsreëlings*

*(e)* *Dat die leerder, waar toepaslik, reisdokumente en 'n inentingsertifikaat moet bekom, en waar dit verkrygbaar is*

*(f)* *Dat die reisdokumente minstens sewe dae voor die vertrekdatum bekom moet word*

*(g)* *Enige ander tersaaklike besonderhede*

*(2)* *Die toesighoudende opvoeder moet onmiddellik ná terugkeer van 'n skoolaktiwiteit die skoolhoof van 'n verslag voorsien indien enige van die volgende plaasgevind het:*

*(a)* *'n Ongeluk*

*(b)* *'n Besering van 'n leerder, opvoeder, bestuurder of enige ander persoon*



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

(c) *Enige daad van wangedrag deur ŉ leerder, opvoeder, bestuurder of enige ander persoon*

(3) *Die verslag moet die volgende inligting insluit:*

(a) *Die aard van die voorval*

(b) *Die aard van die besering, indien van toepassing*

(c) *Die tyd, datum en plek van die voorval*

(d) *Prosedures wat in die hantering van die voorval gevolg is*

(e) *Die naam van die toesighoudende opvoeder*

(4) *Die skoolhoof moet die verslag indien by die amptenaar wat die skoolaktiwiteit goedgekeur het sowel as by die voorsitter van die beheerliggaam.*

***8C Toestemming***

(1) *ŉ Openbare skool moet skriftelike toestemming bekom van die ouer van die leerder wat die skoolaktiwiteit sal meemaak.*

(2) *ŉ Openbare skool mag nie van ŉ ouer verwag om ŉ vrywaringsvorm te teken wat die skool vrywaar teen enige regsoptrede wat uit ŉ skoolaktiwiteit kan spruit nie.*

***8D Vervoer***

(1) *ŉ Openbare skool moet verseker dat:*

(a) *indien dit oor voertuie vir leerdervervoer beskik, sodanige voertuie versekerings- en padwaardigheidsertifikate het;*

(b) *die bestuurders van sodanige voertuie oor geldige rybewyse en professionele bestuurspermitte beskik;*

(c) *die vervoermaatskappy of die eienaar van die voertuie die skool van die volgende voorsien:*

(i) *Versekerings- en padwaardigheidsertifikate vir elke voertuig*

(ii) *Versekering teen passasiersaanspreeklikheid*

(iii) *Die geldige rybewys en professionele bestuurspermit van die bestuurder*



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

(d) *die vervoermaatskappy of voertuigeienaar ŉ aflosbestuurder en ŉ vervoerondersteuningstelsel onderweg voorsien; en*

(e) *die voertuig waarin leerders vervoer word, oor ŉ brandblusser beskik.*

*(2) Die skoolhoof, toesighoudende opvoeder of lid van die skoolbeheerliggaam moet tussenbeide tree indien daar enige twyfel oor die padwaardigheid van die voertuig of die bevoegdheid van die voertuigbestuurder bestaan.*

(3) *Die skoolhoof, toesighoudende opvoeder of lid van die skoolbeheerliggaam moet met die bestuurder of eienaar van die voertuig skakel in verband met die aanmelding van enige ongeluk by die polisie, en moet self die ongeluk binne 48 uur aanmeld indien die bestuurder of eienaar van die voertuig dit nié doen nie.*

***8E Fisiese aktiwiteite***

*(1) Geen leerder mag toegelaat word om aan fisiese aktiwiteite, met inbegrip van sport, speletjies of gimnastiek, deel te neem nie indien:*

*(a) die skoolhoof rede het om te glo dat sodanige aktiwiteit skadelik sal wees vir die leerder se gesondheid; of*

*(b) die ouer ŉ mediese sertifikaat voorsien het wat die leerder se deelname aan sodanige aktiwiteit verbied.*

*(2) Die skoolhoof moet verseker dat leerders van die gevare van, en veiligheidsmaatreëls met betrekking tot, water in kennis gestel word.*

*(3) Die veiligheidsmaatreëls met betrekking tot water wat in subregulasie (2) beoog word, geld vir enige swem- of watersportaktiwiteit by:*

*(a) ŉ swembad;*

*(b) ŉ rivier;*

*(c) ŉ dam; of*

*(d) die see.*


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

(4) *Die skoolhoof moet verseker dat leerders gedurende alle swemaktiwiteite, besoeke aan die see, riviere en damme sowel as deelname aan watersport onder toesig is.*

(5) *Indien 'n openbare skool 'n swembad het, moet die skoolhoof verseker dat kennisgewings met veiligheidsmaatreëls om die swembad vertoon word.*

## *8F Nood- en brandprosedures*

(1) *'n Openbare skool moet verseker dat:*

(a) *dit noodontruimingsprosedures instel;*

(b) *die noodontruimingsprosedures in alle kantore, klaskamers en geriewe vertoon word; en*

(c) *die plaaslike brandweerhoof waar redelik moontlik elke jaar alle brandontruimingsprosedures beoordeel en hersien.*

(2) *'n Openbare skool moet maatreëls tref vir die installering van:*

(a) *brandblussers, waarvoor die skoolhoof ook gereelde versienings moet reël; en*

(b) *brandalarms wat oral op die skoolperseel gehoor kan word, na gelang van die beskikbaarheid van finansiering.*

(3) *Die skoolhoof moet verseker dat personeellede en, waar van toepassing, leerders in graad 8 of hoër in die gebruik van brandblussers opgelei word.*

(4) *Indien 'n bomdreigement ontvang of 'n verdagte voorwerp ontdek word:*

(a) *moet die skoolhoof dit onmiddellik by die polisie aanmeld;*

(b) *moet die voorwerp, of enigiets met betrekking tot die bomdreigement, onaangeraak gelaat word; en*

(c) *moet die openbare skool noodontruimingsprosedures in werking stel.*

## *8G Toestemming vir vroeë vertrek van die skool*

(1) *'n Openbare skool moet oor 'n prosedure beskik waarvolgens ouers of aangewese persone toegelaat word om leerders vroeg by die skool te kom haal.*



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

*(2) ʼn Openbare skool moet ʼn geskrewe rekord hou wat in gevalle van sodanige vroeë vertrek gebruik moet word, welke rekord die volgende moet aandui:*

*(a) Die naam van die leerder*

*(b) Die graad van die leerder*

*(c) Die naam van die persoon wat die leerder kom haal*

*(d) Die tyd, datum en rede vir die vroeë vertrek*

*(3) Indien ʼn persoon wat deur ʼn ouer benoem is, die leerder sal kom haal:*

*(a) moet daardie persoon bewys van sodanige benoeming lewer;*

*(b) moet die openbare skool seker maak dat die leerder die aangewese persoon ken; en*

*(c) moet die openbare skool maatreëls tref om met die ouer van ʼn leerder te skakel indien daar enige twyfel bestaan oor die identiteit van die persoon wat die leerder kom haal.*

*(4) ʼn Openbare skool moet ouers vooraf in kennis stel indien leerders vroeër huis toe gestuur sal word.*

**9. Algemeen**

(1) Alle openbare skole moet duidelike tekens by die ingang vertoon dat enige persoon wat die skool binnegaan aan ʼn deursoeking onderwerp kan word.

(2) Enige persoon wat hierdie regulasies oortree, kan van die openbare-skoolperseel verwyder word.

(3) Openbare skole moet met polisiestasies saamwerk om sigbare polisiëring gedurende alle sport- en kulturele geleenthede by die skool te verseker.

(4) Openbare skole moet beheerliggaamlede en ouers aanmoedig om aan gemeenskapspolisiëringsforums deel te neem.

(5) Openbare skole moet aksieplanne opstel om dreigemente van geweld teen te werk wat ʼn negatiewe impak op skoolaktiwiteite kan hê, en om regulasie 4(1) in werking te stel.

(6) Die planne in subregulasie (5) moet die veiligheid van alle leerders, personeellede en ouers gedurende skoolaktiwiteite verseker.



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

(7) Openbare skole moet aan kampvegterveldtogte deelneem om die status van skole wat betref hierdie regulasies sowel as die reg op beskerming teen geweld aan die publiek oor te dra.

(8) Die Departementshoof moet riglyne voorsien om openbare skole in die ontwikkeling van die aksieplanne ingevolge subregulasie (5) tot (7) by te staan.

(9) Binne ses maande ná die inwerkingtreding van hierdie regulasies moet die Departementshoof voorsien word van die aksieplanne wat subregulasie (5) tot (7) beoog.

**10. Oordrag van bevoegdhede**

Op voorwaardes wat die Departementshoof mag bepaal, kan hy/sy die uitoefening van enige van sy/haar bevoegdhede en die uitvoering van enige van sy/haar pligte ingevolge hierdie regulasies aan enige werknemer in die provinsiale onderwysdepartement oordra.

**11. Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie regulasies kan as die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole aangehaal word, en tree in werking op die datum van publikasie daarvan.

## BYLAE 1

**Aansoek om goedkeuring vir 'n skoolaktiwiteit wat vervoer behels**
**Die hoof van die aansoekerskool moet hierdie aansoekvorm invul.**

**1. Besonderhede van skool**

1.1 Provinsie

1.2 Distrik of streek

1.3 Naam van skool

1.4 EMIS-nommer van skool


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**
FEDSAS

1.5 Naam van skoolhoof

**2. Kontakbesonderhede van beheerliggaam**

| | Amptenaar van beheer-liggaam | Volle name | ID-nommer | Kontaktel. | Vervaldatum van amps-termyn |
|---|---|---|---|---|---|
| 2.1 | Voorsitter | | | | |
| 2.2 | Sekretaris | | | | |
| 2.3 | Tesourier | | | | |

**3. Doel van skoolaktiwiteit**

Oogmerk:

Verband met kurrikulum:

Oornag- of dagbesoek: Aantal dae:

Indien oornag: Verblyftipe:

Spysenieringsreëlings:

**4. Aktiwiteite van leerders gedurende skoolaktiwiteit**

**5. Samestelling van skoolaktiwiteitsgeselskap**

| Aantal leerders | Totaal | Aantal opvoeders | Totaal | Aantal ouers of ander volwassenes | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Seuns Meisies | | Mans Vroue | | Mans Vroue | |

**6. Name van opvoeders en ouers of ander volwassenes wat die leerders sal vergesel**

**7. Besonderhede van finansieringsreëlings vir die skoolaktiwiteit**

Koste van die skoolaktiwiteit, per persoon



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

Steunstrategie vir leerders wie se ouers nie vir hul deelname aan die skoolaktiwiteit kan betaal nie

**8. Vervoerbesonderhede**

8.1 Naam van maatskappy wat vervoer voorsien of van voertuigeienaar:

8.2 Adres:

8.3 Padwaardigheidsertifikaat:

Uitreikingsdatum: Vervaldatum:

8.4 Besonderhede van die bestuurder:

Naam van die bestuurder

Rybewys en kode

Vervaldatum

Vervaldatum van professionele bestuurspermit

Versekering van maatskappy of voertuigeienaar (naam en polisnommer)

8.5 Besonderhede van aflosbestuurder:

Naam van aflosbestuurder

Rybewys en kode

Vervaldatum

Vervaldatum van professionele bestuurspermit

Versekering van maatskappy of voertuigeienaar (naam en polisnommer)

8.6 Besonderhede van vervoerondersteuningstelsel onderweg

**9. Verblyfreëlings**

Tipe verblyf:

Aantal persone per kamer:

**10. Dokumente wat saam met die aansoek ingedien moet word**

Afskrifte van die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:

10.1 ŉ Volledige reisplan



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

10.2 Indien die skoolaktiwiteit op uitnodiging onderneem word, ŉ brief wat sodanige uitnodiging bevestig

10.3 Enige ander dokumente wat die aansoek sal ondersteun

**11. Datum en handtekening**

| | | |
|---|---|---|
| Skoolhoof: (drukskrif) | Handtekening: | Datum: |
| Voorsitter van beheerliggaam: (drukskrif) | Handtekening: | Datum: |

Vir amptelike gebruik:

Hoof van provinsiale onderwysdepartement of sy/haar gedelegeerde:

Datum:

| | | |
|---|---|---|
| Toer goedgekeur: | Ja | Nee |

Redes vir weiering van die aansoek:

Handtekening (Departementshoof of sy/haar gedelegeerde):



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS